
# 337 O Hart van Jesus, bron van ons genade




O Hart van Jesus, lei ons in u liefde, maak ons bereid om U te min en dien,
dat ons, van aardse dinge ver verwyder mag smag om u gesig alleen te sien.

***R.*** *O Hart van Jesus, sag en teer, laat ons U liefhê, meer en meer.*

O Hart van Jesus, maak ons rein, sagmoedig, leer ons om u geseënde wil te volg,
mag ons naby U bly waar U ook wandel, en as ons val, o Hart, bemin ons nog. ***R.***

O Liewe Jesus, mag u Hart bemind wees, seën elke hart, o Heer, wat na U smag;
seën ons, o Heer, en al u liewe vriende, dat ons aan U mag trou wees, dag na dag. ***R.***

Tradisioneel Tradisioneel